CANOLAFOKUS

Mondstuk van die canolawerkgroep



*Januarie 2018 No.81*

**PASOP VIR ONKRUIDDODER RESIDU OORDRAG!!!**

Chris Cumming, PNS Konsultant

'n **P**rodusent in die Swartland se canola is gedurende die afgelope seisoen erg beskadig deur 'n hoë dosis Diuron wat die vorige seisoen (2016) op gars toegedien was. Die canola het goed ontkiem en 'n mooi eweredige en egalige stand vertoon, maar toe het die wortels in die diuronsone ingegroei en nie verder ontwikkel nie. Die plante het skaars 30 cm hoog gegroei en niks vertak nie. Dit blyk dat 'n mengsel van 1L diuron en 1L metolachlor/ha toegedien is.

**I**n die Suid-Kaap is daar wel produsente wat hierdie kombinasie op hawer spuit vir gras en breëblaaronkruid beheer. Die hawer word egter met koring opgevolg. Diuron word wel ook op koring gespuit, maar teen 'n dosis van 400ml/ha en gewoonlik in kombinasie met of Sakura of Trifluralin. Gars volg gewoonlik na koring waar metribuzin die diuron in die mengsel vervang. As meer as 300ml metrabuzin/ha gespuit word, word triazien tolerante (TT) canolakultivars aanbeveel om die risiko van triasien oordrag probleme te verminder.

**I**ndien moontlik, plant die Suid-Kaap produsente NIE canola na koring nie, maar eerder na gars.

**E**k is glad nie 'n voorstaander van ongeregistreerde produkte/mengsels nie vir verskeie redes. Eerstens - dit is teen die wet. Tweedens - hierdie produkte is nie plaaslik wetenskaplik op die gewasse getoets nie en dus is die risiko hoog dat onverwagte dinge kan gebeur (wat telkemale al gebeur het, maar nie bekend gemaak word nie). Derdens - kan dit tot groot skade lei wat nie deur versekeraars gedek sal word nie. Ek het wel begrip dat, met die stand van onkruiddoder-weerstand in meeste gebiede, produsente vind dat "die regte dinge" nie meer doeltreffend is nie en dus na alternatiewe soek. Daar word dus 'n beroep gedoen op landbouchemiese agente en ander kundiges wat die produsente adviseer om verantwoordelik te wees met

> **"Wees net bedag daarop dat as gevolg van die opeenvolgende droë seisoene wat ons beleef het, onkruiddoder residu erger as gewoonlik kan wees".**

hul aanbevelings en seker te maak dat die produsent nie benadeel word nie.

**H**eelwat canola het die afgelope seisoen simptome van diflufenican (Brodal of Diflan) skade getoon. Dit is gekenmerk deur verbleikte blaarrante op veral jong plante. As die simptome min is, kan die canolaplant dit ontgroei en 'n normale oes produseer. Diflufenican word gereeld as 'n mengmaat met ander onkruiddoders ingesluit omdat dit die spektrum van beheer verbreed en veral help om ramenas te beheer.

**W**ees net bedag daarop dat as gevolg van die opeenvolgende droë seisoene wat ons beleef het, onkruiddoder residu erger as gewoonlik kan wees.

Dit is as gevolg van twee redes, naamlik (1) dat minder loging van produkte vanuit die ontkiemingsone plaasgevind het a.g.v. minder reën en min harde buie en (2) dat grondmikrobe aktiwiteit afneem hoe droër die grond word rondom hierdie mikrobes.

**M**ikrobes is verantwoordelik vir die afbraak van meeste chemiese verbindings in die grond.



Figuur 1: Saailinge afkomstig van 'n land wat in 2016 met Diflufenikan as vooropkomsonkruiddoder en Chlorsulfuron tydens die groeiseisoen bespuit is.

**M**oet ook nie vergeet van die "ou" gevare nie, naamlik, SU en triasien oordrag op sensitiewe gewasse nie, veral waar hoër as geregistreerde dosisse op die vorige gewas gebruik was.

**Navrae:** Direktoraat Plant Wetenskappe, Wes-Kaapse Departement van Landbou, Privaatsak X1, Elsenburg, 7607, Tel 8085321. pietl@elsenburg.com
**Redaksie:** PJA Lombard, J Bruwer, Prof A Agenbag, Izane Leygonie
***Geborg deur die Proteïennavorsingstigting***
Besoek die PNS se webblad by www.proteinresearch.net vir vorige uitgawes van nuusbriewe en pamflette.

PROTEÏENNAVORSINGSTIGTING
PROTEIN RESEARCH FOUNDATION